

2011

WARE NEDERIGHEID

'n Kwalifikasie om met gesag en sekerheid die Satan teen te staan is ***ware nederigheid***. Jy moet nie *nederigheid* sommer met *minderwaardigheid* verwarringe nie. Nederigheid ten opsigte van jou geloofslewe beteken dat jy ten volle op God vertrou en nie op jouself nie. As jy op jouself vertrou, sal jou geloof swak en sonder resultate bly. Die een wat ***trots*** sê: ek sal die duiwel uit myself teenstaan. Die een met ***vals nederigheid*** sê: ek hoef nijs te doen nie want God sal die Satan weerstaan. Die een met ***ware nederigheid*** sê: Ek weerstaan die duiwel met die krag wat God my gee. Dan glo jy wat Jesus sê: "Sonder My kan julle nijs doen nie" (Joh. 15:5). Dit beteken nie dat jy nijs moet doen nie. "Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog" (Jak. 4:10). Onthou: *nederigheid is selfvertroue wat op die regte plek staan*. Stry die verbete stryd teen die duiwel met al jou mag want dit is God wat in jou werk (Fil. 2:12-13).

**UIT DIE KERK UIT GEPREEK**

Weet jy van iemand wat uit die kerk gepreek is, wat dit nie meer kon hou nie en toe uitgehardloop het? Jesus preek in Kapernaum se sinagoge (Mark. 1:21-28). Die preek gryp die mense diep aan want Hy preek met gesag. Hy bring die boodskap van Gods koninkryk wat naby gekom het en daarvan saam die wekroep dat die mense hulle moet bekeer en die evangelie moet glo (vs. 15). Terwyl Jesus preek spring 'n man met 'n bose gees op en skree: "Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te verdelg?" Ek weet goed wie U is; U is die heilige God!" (vs. 24). Die duiwel kon dit onder die preek nie meer uithou nie! Jesus kon dit met hom ook nie uithou nie en het die bose gees uit die man en uit die erediens gedryf (vs. 26).

- Hoe baie word preke mooi gevind?
- Preke word so mooi en aangrypend gevind dat lidmate houtgerus sit en pepermentjies suig terwyl hulle luister!

Die duiwel het hom aan die prediking van Jesus geërg. Met daardie preek het Jesus die duiwel uit die kerk uit gepreek.

- Jesus doen meer as preek.
- In die preek is daar 'n wonder.
- Die duiwel word uitgedryf.

Die wonder bevestig die preek van Jesus. Die nuwe tyd van die koninkryk is hier. God se koninkryk gaan Satan oorwin. En dit maak die duiwel so benoud dat hy dit nie meer kan uithou nie, want Jesus het gekom om die bose te verdelg (vs. 24). Omdat die nuwe tyd van oorwinning daar is, is dit tyd vir bekering. God se Woord en Gees jaag die Satan uit jou hart en lewe. Daarom moet jy gereeld die erediens bywoon want daar word die Satan met die lewendige Woord van God gekonfronteer. Dit dien ook as rigsnoer vir jou dankbaarheidslewe

Dr. Nico van der Merwe

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 30 Januarie 2011

Nommer 3

GEESTELIKE SELFMOORD

Die staaltjie word vertel van die man wat daagliks sy dop brandewyn gedrink het. Met die tyd het die dop al meer en meer geword. Toe hy na jare van harde drink ernstige gesondheidsprobleme kry en by die dokter kom, sê dié vir hom: "Jy sal die drank moet los, jy is besig om jou stadig dood te drink". Die man antwoord: "Ma'kie sa'kie, ek's nie haastig nie!"

〃 Humor met 'n traan. 'n Grap met 'n snik. So sê die manne van Spreuke 1:32a
"Die onkundiges se dwaling kos hulle die dood."

Hulle drink hulle nie liggaamlik dood nie. Hulle ***dwaal*** hulself stadig en geleidelik in die ewige dood in. Maar hoor is min! "Die dood wag vir wie aanhou kwaad doen" (Spr.11:19).

Wanneer die Here in sy Woord sê dat oordeel en ondergang wag vir die ongelowige, die verhardende sondaar, dan sê Hy dit nadat Hy hulle oor 'n lang tydperk tot geloof en bekering geroep het. God se wysheid weergalm op elke terrein van die lewe (Spr. 1:20-21). God vermaan elke mens sonder ophou om te luister na Hom (Spr. 1:23-29). In Engels word die onkundige mense (Spr.1:22 & 23) "simple fools" genoem. Dit is net 'n "fool" wat, as hy weet dat sy lewensoptrede stuur op 'n ramp af, daarvan sal aanhou. Deur van God se weë af te dwaal doen jy net jouself skade aan (Spr. 8:36). Wie van God se Woord wegdraai (Jer. 8:5) sál daar onder ly (Jer. 2:19). Wie aanhou wegdwing van God af, wie gedurig afdwaal, wie weier om hom te bekeer (Hos. 11:5), wie terugdeins van God af (Hebr. 10:38-39), wie God se Woord awys gaan verlore (Hebr. 12:25). "Wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom" (Joh. 3:36). Mense wat aanhou lewe in afvalligheid van God is besig met ***geestelike selfmoord***. Hulle sal nie die Here kan beskuldig dat Hy nie aan hulle 'n kans gegee het nie. Die Woord van God word in ons tyd opverskillende maniere verkondig sodat elke mens kan sê dat God op een of ander manier in sy lewe hom opgeroep het tot geloof en bekering.

Dr. Nico van der Merwe

Verjaarsdae

31 Januarie	Kotie Bester
2 Februarie	Maryna Scheepers
2 Februarie	Johan Friedrich
3 Februarie	Oom Jan Viljoen
5 Februarie	Hennie Strydom
5 Februarie	Elbe van der Walt

Ons vertrou dat elkeen 'n aangename verjaardag sal hê. Mag die Here u met die goeie seen!



Laat asseblief weet as die besonderhede van bostaande verjaardae nie korrek is nie of as u naam per ongeluk uitgelaat is. Ons stel dit met graagte reg!

KOM TOER SAAM OP DIE VOETSPORE VAN PAULUS

vir die van u wat nog altyd graag die plekke wou besoek waar Paulus op sy sendingreise aangedoen het – hier is 'n uitstekende geleentheid! Die **Voetspore-van-Paulus-toer** van 12 dae vind plaas vanaf 25 September tot 6 Oktober 2011. Op Woensdag 2 Februarie 2011 om 18:00 word 'n inligtingsessie gehou in die kerkzaal van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, Walter Sisulustraat 33, deur die reisagentskap Seagull Tours, om u volledige inligting te gee oor die toer, toerprys en enige ander navrae. U is baie welkom om die inligtingsessie by te woon! Vir 'n volledige program, stuur 'n e-pos na peetcoetzee@lantic.net of hanniejordaan@gmail.com, of skakel ds. Peet Coetzee by 018 290 6778 of prof. Jorrie Jordaan by 018 294 5600.

Uit die Woord

Jubel in die Here, regverdiges,
Sing 'n loflied, opregtes!
Loof die Here met die lier,
Speel vir Hom op die harp!
Sing vir Hom 'n nuwe lied,
Speel met volle oorgawe, jubel dit uit! Ps. 33:1-3:

DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 1

Artikel 18 - Murmuring teen God se besluit

Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en gestrengheid van die regverdigte verwerpings in opstand is, stel ons die woorde van die apostel: "O mens, wie is jy wat teen God antwoord?" (Rom. 9:20), en ook die woorde van ons Verlosser: Staan dit My nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? (Matt. 20:15). Maar ons wat hierdie verborgenhede godvarend eerbiedig, roep saam met die apostel uit: O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagtes van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen (Rom. 11:33-36).



DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 2

Artikel 1 - God se geregtigheid eis betaling van die sondeskuld

God is nie alleen in die hoogste mate *barmhartig* nie maar ook in die hoogste mate *regverdig*. Sy *geregtigheid* – soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het – eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie maar ook met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.

55-PLUSERS - 2011

Na 'n heerlike feesgety en baie reën, wens ons almal 'n voorspoedige nuwe jaar toe en sien uit om al die 55-Plusers weer te sien. Die nuwes wat dié jaar by ons gaan aansluit – hartlik welkom! Ons weet julle sal die byeenkomste saam met ons geniet. Aan ons ander getroue lede – 'n spesiale welkomswoord. Julle is 'n gawe klomp vriende! Hieronder volg 'n voorlopige jaarbeplanning van ons aktiwiteite. Knip dit uit en plak dit op die spieël vas, maar moenie 'n geleenthed misloop nie!

DAG	DATUM	TYD	PLEK	SPYNSKAART
Sat.	26 Febr.	11h00	Hannes se Plaas	Potjiekos, Potbrood en Plaatkoekies
Vr.	29 Julie	18h00	Kerkzaal	Pasta, Port en Poeding
Vr.	23 Sept.	18h00	Kerkzaal	"Posh" dinee en Prysuitdeling

Ons noem hierdie jaar ons **P-jaar**. (Dit staan vir Pyne, Piljetjies, Poeiers en Plooie. Of – Probeer, Presteer, Preserveer en Perspireer. Of dalk Poësie, Pêrels, Planne en Psalms. OF, LES BES: Proponent, professor en 'n nuwe Predikant!)

Meer inligting oor ons eerste funksie sal in die volgende Simbaal verskyn.
Groete,
Francois Snyman



DANKIEaan Oom Pottie, sr. Alida Buys,(Dinsdae) sr. Sophia v.d. Merwe, (Donderdae) sr. Hettie Cunningham, sr. Ria Kruger (in hul eie tyd) en al die ander vrywilligers wat help met hospitaalbesoek. Dr. Jan Lion-Cachet, ons konsulent, doen ook elke Woensdag besoek in al die hospitale. U kan hom kontak by 018 468 8282 of e-pos: janlc@koshcom.co.za.

Wyse woorde:

Christus het opgestaan, maar nie ons sonde nie; dié het saam met Hom gesterf. Die straf op daardie sonde is vir ewig in Christus se leë graf begrawe.

- Thomas Brooks (1608 – 1680)

Susters

Saamroepster vir Februarie: Santie v.d. Westhuizen
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:
Januarie en Februarie: Wyke 26 – 28 , 1 en 5



Sustersvergadering

Die Susters vergader op Woensdag 2 Februarie om 18:30 in die kerksaal. 'n Demonstrasie word beplan. Almal is welkom. Volle besonderhede sal vandag deur die sisters verskaf word.

SUSTERSAAMTREK-SATERDAG 12 Maart

GK Wolmaransstad

Ons sisters word hartlik uitgenooi na bogenoemde saamtrek.

Dagfooi: R80 per persoon

Tema: "Vrou – eer God in hierdie era van verwarrende waardes."

Spreker: Ds. Leo van Schaik van Potchefstroom

Seremoniemeester: Elma Postma

SUSTERS WAT DIE SAAMTREK WIL BYWOON, MOET ASB.
VOOR VRYDAG 11 FEBRUARIE 2011 DIE DAGFOOI
INBETAAL BY BETS OF KOTIE.



VROUENAWEEK

Die sisters van Klerksdorp-gemeente reël 'n Vrouenaweek op **11 en 12 Februarie 2011** (H/v Flamwood-rylaan en Smitstraat, Flamwood)

Vrydaggaand: Braai en lekker saamkuier

Saterdagoggend: Samekoms – spreker – Kobus van der Walt

Tema: Put uit die Aarde

Koste: R25 pp

Kontak Carien Lion-Cachet by 018 468 8282 vir meer inligting.



KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
30 Januarie	Barmhartigheid	Theologiese Studente
6 Februarie	Barmhartigheid	Sustentasiefonds
13 Februarie	Barmhartigheid	Dankbaarheidsfonds

**GEMEENTEPERGRAM**

Sondag 30 Januarie tot Saterdag 5 Februarie 2011

Sondag 30	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 30	Katkisasie	10:30
Sondag 30	Erediens	18:00-19:00

**TEESKINKBEURTE**

Sondag 30 Januarie 2011	Wyke 4 en 5
Sondag 6 Februarie 2011	Wyke 6 en 7
Sondag 13 Februarie 2011	Wyke 8 en 9

**Lief en Leed**

* **Sr. Julie van Zyl** was verlede week in die hospitaal vir toetse en behandeling. Ons vertrou dat sy baat gevind het daarby en gou weer sterker sal wees.

* **Br. (ds.) Kosie Smit** (85) het geval en 'n rugwerwel gebreek. Hy word tans in die Sunningdale-hospitaal versorg. Ons bid hom die seën van die Here en 'n spoedige herstel toe.

* **Br Jan Viljoen** vier op 3 Februarie sy tagtigste verjaardag – 'n besondere mylpaal! Ons wens hom en Siena, met hulle hele familie, baie hartlik geluk met hierdie besondere dag. Mag God u seën met gesondheid en geloofskrag vir die jare vorentoe.

* Hartlike gelukwense aan oupa- en oumagrootjie, br. en sr. **Alf en Riana White**, en ook aan die ouers, **Sunel en Justin**, met die doop van klein **Janel Jade Verheul**. Mag sy aan julle almal net vreugde verskaf! Seënwense met haar opvoeding.

Sondag 30 Januarie 2011VAN DIE KERKRAAD SE TAFEL

1. **Psalmboeke** (2003- Totius-berymings en Cloete-omdigtings, sowel as 2009 Psalmboek-Totius-berymings) is beskikbaar teen R100 per eksemplaar. In ons kassier, br. Piet Kruger, se afwesigheid, kan u met **br. Michael v.d. Walt** skakel, of direk by **die Administratiewe Buro** bestel (bestellings@gksa.co.za).

2. **Waardering aan br. Hannes Pelser** en die Eiendomskommissie vir uitgebreide herstelwerk aan die pastorie. **Br. Corrie Botha** en sy helpers het ook hard gewerk, en 'n aantal broeders en susters het gehelp met die keuse van teëls, ens., asook skenkings van goedere gemaak. Baie dankie ook daarvoor, asook vir alle finansiële bydraes tot die Boufonds.

3. **Kerkargief:** Ou foto's, notules en ook ou **katkisasiebywoningsregisters** word benodig vir die Kerkargief. Skakel **br. At Kruger**.

4. Die gemeente-Inligtingsgids vir 2011 is nou beskikbaar. Dank aan **br. Pieter Aucamp**.



- ❖ Onder die indruk dat jy na vryheid strewe, word jy 'n slaaf van die sonde.
- ❖ Die Here beheer die tong in my mond. Soms hoor ek my tong dinge sê wat ek self moeilik vind om te glo, want ek is nie in volle beheer van my tong nie.
- ❖ Daar is nie 'n seer wat so seer is as om te dink wat kon gewees het nie.
- ❖ God se geduld is baie baie lank, maar die Bybel sê ten slotte sal dit tog opraak.
- ❖ Ongelukkigheid spruit nie voort uit wat ons ontbeer nie, maar uit ons onvermoë om dankbaar en tevrede te wees met wat ons het.